**SKOOLFONDSBRIEF 2026** **10 November 2025**

Na afloop van die Ouerbegrotingsvergadering gehou, 5 November 2025, waar die skoolfonds vir 2026 voorgehou en bespreek was, is die volgende besluite goedgekeur en in terme van die SA Skolewet Wet 84 van 1996, en is die skoolfonds derhalwe bindend vir alle leerders by Hoërskool Bastion.

1. **SKOOLFONDS 2026 (Resolusie 1)**

   Die begroting vir 2026 word aanvaar soos vervat in die aanbieding en resolusies.

2. **SKOOLFONDS 2026 (Resolusie 2)**

   **Die skoolfonds vir 2026 beloop per leerder vir Gr 8 – R33 720.00 per jaar per leerder en Gr 9 – 12 – R36 690,00 per jaar per leerder en is betaalbaar voor of op 31 Januarie 2026.** Die skoolfonds mag, onderhewig aan die daarstelling van 'n **skriftelike afbetalingsooreenkoms, oor 11 maande** afbetaal word.
   **R 3 800,00** as 1ste premie van skoolfonds (per leerder) is ten volle betaalbaar teen **1 Januarie 2026** vir alle leerders.

   **Opsies vir skoolfonds betaling vir 2026:**

   - **Gr 8 –** R30 728.00 **indien voor 31 Desember 2025** inbetaal.
   - **Gr 9 –12 –** R33 401.00 **indien voor 31 Desember 2025** inbetaal.
   - **Gr 8 –** R32 224.00 **indien voor 28 Februarie 2026** inbetaal.
   - **Gr 9 –12 –** R35045.50 **indien voor 28 Februarie 2026** inbetaal.
   - **Gesinsverligting -** die gesin kwalifiseer vir gesinsverligting op **3e leerder (jongste in Bastion)** van **10% en sluit nie die eerste paaiement in nie.**

3. **BETALING VAN SKOOLFONDS (Resolusie 3)**

   **Die volle uitstaande skoolfonds is betaalbaar voor of op 31 Januarie 2026.**
   **Slegs met 'n getekende afbetalingsooreenkoms word volgende opsies aanvaar:**

   3.1 Na betaling van die eerste premie is die balans per Debietorder betaalbaar in 11 paaiemente vanaf 31/01/2026 tot 30/11/2026. Indien debietorder as onbetaald sou terug kom, word die skoolfonds rekening met R100 gehef vir kostes.

   3.2 Die afbetalingstermyn bly onveranderd indien skoolfondskwytskelding toegestaan word.

   3.3 "In die geval van wanbetaling op enige betaling verskuldig kragtens hierdie ooreenkoms en nadat skriftelike kennisgewing van sodanige wanbetaling aan die ouer/voog/rekeninghouers gegee is, sal die volledige balans van die skoolgeld – insluitend enige huidige agterstallige skuld en die gelde vir die res van die akademiese jaar – onmiddellik verskuldig en betaalbaar wees. Die skool behou die reg voor om die totale uitstaande bedrag sonder verdere kennisgewing te eis. Hierdie klousule is van toepassing ongeag enige betalingsreëling of betalingsopsie waarop voorheen ooreengekom is".

   **Die volle skoolfonds is onmiddellik opeisbaar indien enige paaiement sonder skriftelike reëlings, nie nagekom word nie.**

   **OUERS IS GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK VERANTWOORDELIK OM DIE SKOOLFONDS TE BETAAL.**

**4. <u>VRYSTELLINGS EN KORTINGS (Resolusie</u> 4)**

**Volle-, gedeeltelike- en/of voorwaardelike kwytskelding van skoolfonds WORD SLEGS IN TERME VAN (Artikel 39(4) en Artikel 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, soos vervat in Tabel G** van dieselfde wet en soos aangepas in **Gazette 39392 van 17/11/2016)**, oorweeg.

**Die skool behou die reg voor om aansoeke tot die begrotingsbedrag te beperk en daarvolgens sal die vrystellingaansoek dienooreenkomstig verminder.**

**Die volgende proses is van toepassing:**

4.1 Die **keerdatum vir aansoek** om kwytskelding van skoolfonds op die voorgeskrewe vorms, insluitend die aanhangsels voorgeskryf, volledig ingehandig voor of op 28/02/2026, met bewyse vir die 2025/2026 vergoeding.

4.2 Aansoeke vind plaas vanaf 12 Januarie 2026 in die skool se klubhuis.

4.3 1ste Paaiement = R3800,00 per leerder en is ten volle betaalbaar teen 31/01/2026 (oor 3 maande d.w.s November 2025, Desember 2025 en Januarie 2026.

**5. <u>FONDSINSAMELINGSPROJEKTE (Resolusie 6)</u>**

5.1 Fondsinsamelingsprojekte sal benut word om Kapitaalprojekte te befonds.

5.2 Geen Kapitaalprojekte sal uit skoolfonds befonds word nie.

5.3 Geen subsidies vir kampe of toere of busgelde, word deur die skoolfonds ondersteun nie.

5.4 Enige fondse wat betaal word, word eerstens aangewend teen enige agterstallige skoolfonds.

5.5 Enige fondse wat betaald word, word eerstens aangewend teen enige agterstallige fondse (insluitend PATS ens.). Skoolfonds moet op datum wees voordat leerders op toere mag gaan. Indien toere gekanselleer word, word fondse aangewend vir skoolfonds of enige uitstaande fondse.

5.6 Borge moet bewyse lewer indien ‘n borg die fondse inbetaal het en ‘n Spesiale versoek rig vir die terugbetaling indien die aktiwiteite gekanselleer word.

**6. <u>PLEEGSORG EN WELSYNSGEVALLE (Resolusie 7)</u>**

**Pleegsorg en Welsynplasing in Pleegsorg** in terme van SASSA ontvang 100% vrystelling. **(Met inhandiging van volledige aansoek en aanhangsels voorgeskryf).**

**Daar word ‘n beroep op bogenoemde gesinne gedoen om ‘n minimum van R3 800,00 per leerder vir die skooljaar in te betaal (R380,00 per maand oor 10 maande), om akademie te ondersteun.**

**7. <u>MERIETE-AANSOEKE VIR 2026 (Resolusie 8)</u>**

Aansoeke word slegs van 1 Desember 2025 tot 31 Januarie 2026 ontvang. (GEEN laat aansoeke word aanvaar nie.)

**8. <u>BUSGELDE VIR 2026 (Resolusie 9)</u>**

8.1 **Daaglikse ritte**
Enkelrit – R 60
20 x Ritte – R 700
40 x Ritte (Maandkaartjie) – R 1 200

8.2 **Versoeke** in hierdie verband sal deur die Beheerliggaam en Basbou goedgekeur word.

8.3 **Geen** bussubsidies sal toegestaan word nie.

8.4 **Geen** leerder sal sonder ‘n buskaartjie toegelaat word nie.

**9. <u>ANDER FOOIE BETAALBAAR - GEEN VRYSTELLINGS WORD TOEGSTAAN NIE (Resolusie 10)</u>**

9.1 **DAGBOEKIES** word voorsien aan alle leerders.

9.2 **GRAAD 8 KAMP**
R1 800,00 per kind **(Ten volle betaalbaar op die naweek voor Gr 8’s en Leierraad op die kamp vertrek**).

9.3 **Aanvullende studiegidse en werkboeke (Akademiese Studierigting)**
- Bedrae word bepaal deur die kwotasies van die verskaffers.

- Addisionele bindkostes asook werkboek kostes is betaalbaar soos deur verskaffers bepaal.

9.4 **PAT** Gelde sal per vak uitgelê word, maar sal begin vanaf R500,00 – R1500,00 afhangende van studierigting, betaalbaar ten volle 1 April 2026.

9.5 **Busvervoer** vir **Sport en Kultuur** aktiwiteite word per rit bereken en word per byeenkoms betaal.

9.6 **Skoolbaadjies vir Gr 8's:** Word slegs aan leerders voorsien wat die volle 1ste Paaiement teen einde Januarie 2026 betaal het. Baadjies bly vir die jaar die eiendom van die skool.

## 10. BOETES EN TERUGBETALINGS VAN TOEPASSING VIR 2024 (Resolusie 11)

- Verlore handboeke @ kostes van nuwe handboek.
- Selfoon afkoopboete @ R500,00 (eerste oortreding) – R250.00 ekstra vir elke daaropvolgende oortreding.
- Verlore Dagboek @ R 250,00.
- Afskriftekoste R10,00.
- Roosters herdruk @ R10,00.
- Herdruk van kwitansies en kaartjies vir handboeke @ R25,00.
- Ander fooie soos deur die Beheerliggaam bepaal.

## 11. UITREIKING VAN HANDBOEKE

- Slegs vir leerders wat die volle 1ste paaiement betaal.
  Maak asseblief seker dat u die kwitansie veilig bewaar, aangesien 'n fooi van R25,00 gehef sal word vir 'n duplikaatkwitansie. Dit sluit reëlingskaartjie en buskaartjies in.
  Indien u reeds die eerste paaiement betaal het en die leerder besluit om na 'n ander skool te gaan, ontvang u slegs 'n persentasie terug van die eerste paaiement.

## 12. ALGEMEEN

**NB. Indien u kontakbesonderhede verander moet u die skool asseblief binne 7 dae skriftelik verwittig.**

Dit staan u vry om enige tyd die skoolkantoor te skakel rakende enige aspek soos hierbo genoem, of vir enige bystand in die verband.
Alle resolusies soos afgeteken op 05/11/2025 is op aanvraag by Me. J. Niemann beskikbaar.

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| MNR F DU PREEZ | MNR J J SWART |
| BEHEERLIGGAAMVOORSITTER | HOOF |

✄ Skeurstrokie: Skoolfondsbrief 2026

Hiermee erken ek, ________________________________________ouer/voog van

________________________________________.

Gr _____ontvangs van skrywe rakende **skoolfonds vir 2026.**

| ______________________________ | ______________________________ |
|---|---|
| Handtekening van ouer/voog | Datum |

**VOLTOOI ASB AANGEHEGDE INFORMASIE BLAD EN STUUR TERUG SAAM MET AFSKEURSTROKIE AAN LEERDER SE VOOGONDERWYSER**